Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## NOVEMBER 2019

ÉcoleBooks

# REKENINGKUNDE V2

**PUNTE:** 300

**TYD:** 2 uur

*XACCA2*

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n 10-bladsy antwoordeboek.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. ŉ Spesiale ANTWOORDEBOEK word voorsien waarin jy AL die vrae moet beantwoord.

2. Toon ALLE bewerkings om deelpunte te verdien.

3. Jy mag ŉ nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.

4. Jy mag ŉ donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.

5. Alle bewerkings moet tot EEN desimale plek getoon word, waar van toepassing.

6. ŉ Uiteensetting van die vrae word voorsien. Probeer om by die voorgestelde tyd vir beantwoording vraag te hou.

| **VRAAG 1: 45 punte; 36 minute** | |
|---|---|
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Kosteberekeninge en Interne beheer** | **Bestuursrekeningkunde**<br>• Vervaardigings konsepte en basiese koste berekeninge<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Interne beheer |
| | |
| **VRAAG 2: 25 punte; 20 minute** | |
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Voorraadwaardasie en BTW** | **Bestuur van hulpbronne**<br>• Deurlopende voorraadstelsel – aanteken<br>• BTW konsepte |
| | |
| **VRAAG 3: 35 punte; 28 minute** | |
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Begrotings** | **Bestuursrekeningkunde**<br>• Berekeninge<br>**Bestuur van hulpbronne**<br>• Etiek |
| | |
| **VRAAG 4: 45 punte; 36 minute** | |
| **Onderwerp van die vraag:** | **Hierdie vraag integreer:** |
| **Rekonsiliasie, Vaste bate, Verhoudings en vertolkings en Interne beheer** | **Bestuurshulpbronne**<br>• Debiteurekontrolerekening<br>• Vaste bate en Interne beheer<br>• Ontleding en vertolking van finansiele state |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 1: KOSTEBEREKENINGE EN INTERNE BEHEER

**(45 punte; 36 minute)**

1.1 Beantwoord die volgende vrae:

1.1.1 Direkte materiaalkoste plus direkte arbeidskoste is gelyk aan … (1)

1.1.2 Onderskei tussen 'n *handelsonderneming* en 'n *vervaardigings-onderneming.* (2)

1.1.3 Definieer *vaste koste* en *veranderlike koste* en gee EEN voorbeeld van elke koste. (4)

1.2 Lynx Sportsdrag is 'n klein onderneming wat sokkertruie vervaardig en aan die plaaslike skole verskaf. Gedurende June 2019 het die onderneming 7 460 truie vervaardig.

1.2.1 Bereken die volgende:

- Direkte materiaalkoste (3)
- Direkte arbeidkoste (2)
- Fabrieks / vervaardigingsbokoste (8)
- Totale koste van produksie (5)
- Eenheidskoste per sokkertrui (4)

1.2.2 Die rekenmeester is besorg dat die verkope vir die jaar met **40%** gedaal het en die koste van verkope was hoër as die vorige jaar. Dit is toe te skryf aan die verhoging in die wolprys asook vervoerkoste.

(a) Stel DRIE strategieë voor om die doelwit van verhoogde winste te bereik. (6)

(b) As die verkope van verlede jaar R500 000 was en die winsgrens 25% was, bereken:

- Die verkope vir die huidige jaar (5)
- Die koste van verkope vir die huidige jaar (5)

**INLIGTING:**

**Koste vir Junie 2019**

| | |
|---|---|
| Materiaal gebruik in die vervaardiging van sokkertruie | R180 000 |
| Wapens, nommers en logos | 32 500 |
| Salarisse en lone: | |
| ➢ Fabrieksvoorman | 18 700 |
| ➢ Boekhouer | 21 600 |
| ➢ Masjienoperateurs | 210 000 |
| Huur-uitgawes totaal (60% toegewys aan fabriek) | 16 200 |
| Water en elektrisiteit (2/3 toegewys aan fabriek) | 9 600 |
| Fabriek-uitgawes | 5 200 |

**45**

**VRAAG 2: VOORRAAD EN BTW** **(25 punte; 20 minute)**

2.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

2.1.1 BTW word tans teen 15% in Suid Afrika gehef.

2.1.2 Inset-BTW is BTW wat van die klante af ingesamel word.

2.1.3 Fooie betaalbaar vir opvoeding is 'n voorbeeld van goedere of dienste wat van BTW vrygestel is.

2.1.4 Belasting-ontduiking is onwettig en is volgens die wet strafbaar.

2.1.5 Uitset-BTW is BTW wat betaal word wanneer goedere en dienste deur die onderneming aangekoop word. (5)

2.2 **VOORRAAD**

**GEVRA:**

Die volgende inligting het betrekking op Tru Handelaars. Die onderneming gebruik die Deurlopende Voorraadstelsel om hul handelsvooraad op rekord te hou en te bestuur. Voltooi die onderstaande tabel deur die antwoorde in die oop spasies te skryf. Neem aan dat die banksaldo gunstig vir alle transaksies is.

EcoleBooks

**INLIGTING:**

| **Nr.** | **Joernaal** | **Rekening gedebiteer** | **Rekening Gekrediteer** | **A** | **E/B** | **L** |
|---|---|---|---|---|---|---|
| **Bv.** | **KOJ** | **Bank** | **Kapitaal** | **+** | **+** | **0** |
| 1. | | Telefoon | Bank | | | |
| 2. | KJ | Handelsvoorraad | | | | |
| 3. | KOJ | | Huur-inkomste | | | |
| 4.1 | DJ | | Verkope | | | |
| 4.2 | | Koste van verkope | | | | |
| 5. | KAJ | | Skryfbehoeftes | | | |

(20)

**25**



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## VRAAG 3: BEGROTINGS (35 punte; 28 minute)

Kamva-hoërskool van Oos-Londen het besluit om op ŉ opvoedkundige toer na Port Elizabeth te gaan. Die toergroep bestaan uit twee onderwysers en tien leerders. Hulle het jou gevra om berekeninge van koste in verband met die toer te doen sodat hulle behoorlik kan beplan en begroot. Hulle beoog om ŉ suksesvolle toer te het.

**Bykomende inligting verskaf:**

- Vervoer per skoolbus van Oos-Londen na Port Elizabeth is R450 per leerder (Onderwysers betaal nie vir vervoer nie).
- Verblyf in Port Elizabeth is R300 per kamer per aand en twee leerders deel ŉ kamer terwyl die onderwysers in enkelkamers woon teen R250 per kamer. Hulle gaan net vir EEN aand bespreek.
- Die VW-fabriektoer is gratis. Hulle gaan die museum en slangpark waar die toegangsfooi R20 per persoon is besoek, maar daar is 10% korting wat aan alle skoolgroepe toegestaan word.
- Hulle begroot R120 per persoon vir etes.

**LET WEL:** Die skool betaal vir die onderwysers se verblyf en maaltye.

3.1 **Bereken die volgende:**

3.1.1 Totale vervoerkoste vir die leerders (3)

3.1.2 Verblyfkoste vir die leerders (3)

EcoleBooks

3.1.3 Verblyfkoste vir die onderwysers (3)

3.1.4 Totale verblyfkoste vir die onderwysers en die leerders (3)

3.1.5 Koste van die toergroep vir die museum en die slangpark (3)

3.1.6 Totale koste vir al die maaltye vir die toergroep (3)

3.1.7 TOTALE koste vir die toer (6)

3.1.8 Koste per leerder vir die toer (6)

3.2 Sindi Mpoma, die skoolklerk, is deur die onderwysers genader om die toer vir hulle te reël. Sy sal al die besprekings vir die onderwysers en leerders doen. Sindi het gedink om vir korting vir die leerders by die hotel waar hulle sal tuis gaan, te vra. Sy is van plan om die ekstra geld te gebruik om vir haar vakansiereis van twee dae met haar familie in Desember te betaal. Sy besluit om vir niemand van haar planne te vertel nie.

3.2.1 Moet Sindi voortgaan met haar plan? Motiveer jou antwoord. (3)

3.2.2 Watter gevolge sou Sindi in die gesig staar sou sy met haar plan voortgaan? Gee EEN punt. (2)

**[35]**

**VRAAG 4: VERSOENINGS, VASTE BATE, VERHOUDINGS-ONTLEDING EN INTERNE BEHEER** **(45 punte; 36 minute)**

4.1 **DEBITEUREKONTROLEREKENING**

**GEVRA:**

Bestudeer die grootboekrekening en beantwoord die vrae wat volg.

4.1.1 Voorsien die besonderhede vir die inskrywing van R7 500 aan die kredietkant. (1)

4.1.2 Voorsien die besonderhede vir die inskrywing van R12 000 aan die kredietkant. (1)

4.1.3 Gee 'n rede vir die inskrywing van R13 200 aan die kredietkant. (2)

4.1.4 Voorsien die joernaal folio vir die inskrywing van R52 500 aan die debietkant. (1)

4.1.5 Watter brondokument sal vir die inskrywing van R7 500 aan die kredietkant ondersteun? (1)

4.1.6 Hoe kan die eienaar verifieer of vasstel dat die slot saldo korrek is? (2)

4.1.7 Gee 'n rede vir die inskrywing van R1 400 aan die debietkant. (2)

EcoleBooks

4.1.8 Gee die totale aan beide kante vir die einde van die maand. (2)

4.1.9 Gee die slot saldo op 31 Mei 2019. (1)

4.1.10 Gee die openingsaldo op 1 Junie 2019. (1)

**ALGEMENE GROOTBOEK**
**BALANSSTAATREKENINGE-AFDELING**
**DEBITEUREKONTROLE**

**DR** **CR**

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2019 Mei | 1 | Saldo | a/d | 41 000 | 2019 Mei | 31 | ? | DAJ | 7 500 |
| | 31 | Verkope | ? | 52 500 | | | ? | KOJ | 12 000 |
| | | Bank | KOJ | 2 100 | | | Korting Toegestaan | KOJ | 600 |
| | | Diverse Rekeninge | AJ | 1 400 | | | Diverse Rekeninge | AJ | 13 200 |
| | | | | | | | Saldo | o/d | ? |
| | | | | ? | | | | | ? |
| Junie | 1 | Saldo | a/d | ? | | | | | |
| | | | | | | | | | |



DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM



## 4.2 VASTE BATES EN INTERNE BEHEER

Die volgende inligting van UTH Handelaars word verskaf. Hulle finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2019.

**Uittreksel van Proefbalans op 28 Februarie 2019**

| | |
|---|---|
| Voertuie | R 250 000 |
| Toerusting | 210 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op voertuie (1 Maart 2018) | 40 000 |
| Opgehoopte waardevermindering op toerusting (1 Maart 2018) | 16 000 |
| | |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

(a) Waardevermindering word as volg bereken:
- Voertuie teen 20% p.j. – Kosprys-metode
- Toerusting teen 15% p.j. – Verminderde saldo-metode (Drawaarde metode)

(b) ŉ Nuwe voertuig was op 1 November 2018 vir R 150 000 kontant aangekoop. (Dit is reg aangeteken)

**GEVRA:**

4.2.1 Bereken die waardevermindering op die NUWE voertuig aangekoop. (5)

ÉcoleBooks

4.2.2 Bereken die waardevermindering op die OU voertuig. (5)

4.2.3 Bereken die waardevermindering op die toerusting vir die jaar. (5)

4.2.4 Voorsien TWEE beheermaatreëls wat die eienaar in plek kan stel aangesien hy bekommerd is dat sy werknemers die voertuie en toerusting misbruik. Hulle het nog geen spesifiek beheermaatreël in plek nie. (4)

4.3 **VERHOUDINGS-ONTLEDINGS**

Pambo Winkels, is 'n klerewinkel wat goedkoop ingevoerde klere wat in China vervaardig is, verkoop. Hulle winsgrens op hul kosprys is 75%.

**Gebruik die gegewe inligting en beantwoord die vrae wat volg.**

**PAMBO WINKELS**
**UITTREKSEL VAN INKOMSTESTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG 30 JUNIE 2019**

| | | 2019 | 2018 |
|---|---|---|---|
| Verkope | | 1 280 000 | 1 118 000 |
| Koste van verkope | | (800 000) | ? |
| Bruto wins | | ? | 468 000 |
| Ander Inkomste | | 29 200 | 27 500 |
| Bruto bedryfsinkomste | | 509 200 | 495 500 |
| Bedryfsuitgawes | | ? | (106 590) |
| Bedryfswins | | 390 400 | ? |
| | | | |
| Netto wins vir die jaar | | 389 550 | 392 010 |
| | | | |

**Finansiële aanwysers vir die jaar geëindg 30 Junie 2018:**

| | | |
|---|---|---|
| Winsgrens behaal | : | 72% |
| Bruto wins op verkop | : | 41,9% |
| Bedryfswins op verkope | : | 34,8% |
| Netto wins op verkope | : | 35,1% |
| Bedryfsuitgawe op verkope | : | 9,5% |

**GEVRA:**

4.3.1 Bereken die persentasie Bruto wins op verkope vir 2019. Vergelyk die antwoord met 2018. Haal syfers aan en lewer kommentaar. (4)

4.3.2 Bereken die persentasie Bedryfsuitgawe op verkope vir 2019. Vergelyk die antwoord met 2018. Haal syfers aan en lewer kommentaar. (4)

4.3.3 Bereken die persentasie Netto wins op verkope vir 2019. Vergelyk die antwoord met 2018. Haal syfers aan en lewer kommentaar. (4)

**[45]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM


## BYLAE A

## FORMULEBLAD GRAAD 10

| | | |
|---|---|---|
| $\frac{\text{Bruto Wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Eienaarsbelang}} \times \frac{100}{1}$ |
| $\frac{\text{Netto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | Bedryfsbate : Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | (Bedryfsbate – Voorraad) : Bedryfslaste | |
| $\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$ | Totale Bate : Totale Laste | |

ÉcoleBooks

Kopiereg voorbehou

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM

Download more resources like this on ECOLEBOOKS.COM

DOWNLOAD MORE RESOURCES LIKE THIS ON ECOLEBOOKS.COM